JESUS, DIE EEN MET GESAG - MARKUS 1:21-39.

Inleiding:
Mag fassineer baie mense. Ons gemeenskap is feitlik behep met invloedryke, belangrike mense. Van die atleet wat medaljes wen tot die skatryk sakeman, die wat groot fisiese krag het of hulle wat groot politieke mag uitoefen, slaan behoorlik baie mense se asems weg.

Ter wille van mag het mense alles opgeoffer en hulle siele verkoop! Vir mag is sommige gewillig om hulle waardes op te offer, met die bose 'n verdrag te sluit en hulle eie karakter en persoonlikheid in die proses aan te rand!

Party mense sê dat absolute mag, absoluut korrup maak!

As dit waar is, is dit as gevolg van ons korrupte, sondige natuur, want as jy nie gewillig is om mag te misbruik nie, kan dit jou nie korrup maak nie. Die fout lê nie daarby om sterk, invloedryk en intelligent te wees nie. Die fout lê nie by mag nie, maar by die mens wat dit misbruik.

Om oor die ware mag en krag te beskik wat God aan 'n mens deur die Heilige Gees gee, maak ons immers effektiewe gesante van sy Koninkryk en mense wat 'n groot verskil in die lewens van ander kan maak.

Dit sien ons as 'n volmaakte werklikheid in die lewe en bediening van Jesus! In ons teks en in die Nuwe Testament as 'n geheel, ontmoet ons die magtigste Man wat ooit geleef het, Jesus van Nasaret, die Seun van God. By Hom sien ons mag en gesag soos wat God bedoel het dat dit gebruik moet word. Dis nie mag om die self en eie ego te bevorder nie, maar mag om die ontferming van God oor kwaad te laat seëvier.

In Christus Jesus se bediening op aarde sien ons die mag van God openbaar aan ons hulpelose mense, wat Hom so nodig het.

A. IN JESUS VIND ONS MAG VERPERSOONLIK.
Wanneer 'n mens dink aan mag verpersoonlik, kom net een persoon in jou gedagtes op: Jesus van Nasaret, die Christus van God! Die mag en gesag van Jesus word dwarsdeur die Bybel bekend gemaak. Markus leer ons dat Hy geleer het soos "Een wat gesag het".

Hier in hoofstuk 1, in verse 12 en 13, sien ons sy mag en gesag oor die versoeking van satan as Hy as oorwinnaar uit die woestyn terugkeer. Ons sien sy gesag in verse 16 – 20 as een wat gesag het oor mense. Hy roep mense om hom te dien en hulle volg Hom.

Wanneer ons dan by hierdie Skrifdeel kom, is dit net 'n voortsetting van 'n boek en 'n hoofstuk wat begin met die woorde: die Evangelie van Jesus Christus, *die Seun van God*!

Alles in hierdie Evangelie getuig daarvan dat Hy die verpersoonliking is van mag en gesag!.

1. Eerstens sien ons dat Hy meer gesag het as die Skrifgeleerdes. ***(Mark 1:21-22)***
Jesus begin in Kapernaum leer. Vers 22 sê dat die mense verbaas was oor sy leer, want Hy het anders as die mense van sy tyd, met gesag gepreek. As die Skrifgeleerdes hulle onderrig het, was dit die gewoonte om te sê: volgens Rabbi Gamaliël... of Rabbi Hillel.. of Rabbi Shammai... of Rabbi so-en-so" en dan het hulle op die manier gesag by hulle lering probeer plaas deur ander groot geleerdes oor die wet van Moses aan te haal. Hulle het geen eie gesag gehad nie en het nie die Woord self laat praat nie!

Wat ‘n groot gevaar bestaan daar nie vandag in die kerk om die prediking relevant te probeer maak deur ander gesaghebbendes se sieninge, boekies, projekte, programme aan te haal en as bewys aan te voer vir wat ons wil sê nie. Wat het geword van: So sê die Here HERE!?

Maar Jesus het nie soos die Skrifgeleerdes gemaak nie. Hy het eenvoudig gesê wat Hy moes sê. Hy het God en Sy koninkryk aan die Woord gestel. Hy het met gesag oor God en sy saak gepraat. Mense het in hulle harte geweet dat wat Hy sê die waarheid is! Sy woord was genoeg, want sy woord, was die Woord van God. Hy is die Woord van God. Hy verpersoonlik gesag en mag – want Hy is God se gesagvolle Woord – wat vlees / mens geword het.

2. Tweedens wys Markus ons dat Jesus se gesag groter was as satan s’n. (verse. 23-28)
Jesus het die gesag gehad om die bose te bestraf en die wat deur demone verdruk en daarvan besete was, te bevry. Dit is trouens een van die tekens van die koms van die Messias. Deur sy woord het die mag van die hel self teruggeval. Hy praat en die bose gehoorsaam. Hier is ‘n Man met mag en gesag!

3. Derdens sien ons Jesus se gesag was groter as siekte! (verse. 29-34)
Siekte is deel van menswees sedert die sondeval. Die hele skepping is besig om te verval, agteruit te gaan en op die dood af te stuur!

Ons word gebore, word groot en oud en sterf. Alle geskape dinge volg die pad!

Maar Jesus het gesag oor fisiese swakheid, die pad van siekte en van die dood! Hy het gesag om te genees. Hy het Simon se skoonma gesond gemaak. Dit was nog ‘n teken dat die Messias gekom het. Dat die Koninkryk naby gekom het!

In Christus sien ons die volmaakte verpersoonliking van mag en gesag.

God wil ook sy mag deur die volgelinge van Christus bekend maak. Ons is sy gesante, om Christus wil, en wil Sy gesag bekend maak deur almal in sy Naam te bedien.

Ook vandag moet hulle, aan wie ons Christus bedien, weet dat Hy gesag het. Dat wat Hy leer en doen, gesag het om alles en almal te kan verlos en bevry.

B. IN CHRISTUS, SAL ÓNS OOK SIEN DAT SY MAG VOORTGAAN OM IN DIE WÊRELD TE OORWIN.
God wil sy mag en gesag deur ons sigbaar maak in die wêreld.

Eerstens moet ons sien dat die bron van die krag, God is. Ons sien dit duidelik in die lewe en bediening van Jesus dat Hy die Messias is en dat God se mag in Hom en deur Hom sigbaar geword het. As ons in Hom is, wil God so sy mag deur ons bediening openbaar. Maar ons moet weet dat net God ooit die bron van sulke gesag kan wees.

Tweedens moet ons die rol van gebed in die openbaring van die gesag raaksien. (verse. 35-39)
Die sleutel tot die bediening van Jesus en elke gelowige word hier met ons gedeel. Dit is gebed. Jesus het nooit opgehou bid nie! Hy was voortdurend in gemeenskap met sy Vader. Sy mag, krag en gesag het van sy Vader gekom en Hy het voortdurend bly soek na die teenwoordigheid en werk van sy Vader sodat sy Vader deur Hom kon werk. Dit het Jesus deur gebed gedoen. Wanneer God se mense begin bid, dan werk God!

C. ONS SIEN OOK IN DIE SKRIFDEEL DIE NORME WAARVOLGENS ONS DIE KRAG, MAG EN GESAG VAN GOD MOET GEBRUIK.
Jesus se voorbeeld, is die norm. Soos Hy met God se gesag omgegaan het, moet ons ook!

Dit het elke keer gegaan oor ander se nood. Hy het sy gesag met ontferming en empatie gebruik. Hy het sy gesag en mag gebruik om mense vir wie Hy omgegee het, se lewens te verander. Hy was jammer vir siek mense, vir die duiwel besete mense, vir die verlore, verdwaalde mense! Hy het hulle met gesag geleer, sodat hulle God kon vind; Sodat hulle in God die lewe, hoop en verlossing kon ervaar.

Die openbaring van sy gesag en mag het nooit ontaard in ‘n vertoning nie. Hy was nie ingestel op die nuuskieriges en die sensasie-soekers en die wat deur hulle eie belangrikheid beïndruk word nie! Hy het nie die guns van die elite of van aardse maghebbers, magnate of openbare persoonlikhede probeer soek nie. Hy het nie daarin belanggestel om met hulle aansien te kompeteer nie.

Hy het kom doen waarvoor God Hom gestuur het. Hy het sy mag gebruik om aan sy Vader gehoorsaam te wees. Hy het sy mag gebruik om die hulpelose mens te help en te red.

Appél:
Ons behoort te begeer dat mense effektief deur ons bedien moet word. Ons moet eers dink aan hulle nood, hulle eensaamheid, skuld, verlorenheid, armoede, ellende. Ons moet onthou dat daar mense in die tronk is, in die hospitaal, vreemdelinge, verdruktes, vervolgdes, siekes, mense sonder God, mense sonder Jesus! As die kerk van Christus moet ons hulle almal so in sy Naam aanraak dat hulle sal glo dat Hy die gesag het om hulle te help, te leer, te verlos, te vergewe en te bevry.

Ons moet ook die gesag van Christus, van God af ontvang. Ons sal, as ons nederig is, opreg omgee en in sy Naam wil help, leer en vry maak!

Hoe is jy betrokke by die koms van die Koninkryk van God in die wêreld en in die lewens van mense? As ons as die kerk van Christus ‘n verskil wil maak, moet ons die dinamiek, die mag, die krag van God kan bedien in ‘n verlore wêreld onder druk van die sonde en die bose.

God het ons uit genade geroep, gered, en aan ons die nuwe lewe in sy Koninkryk geskenk. Om ons ‘n ligbaken in ‘n donker wêreld te laat wees.

Ons moenie sy mag as vanselfsprekend aanvaar of ooit daaraan gewoond raak nie.

Ons moet met blydskap aanvaar wat Hy deur ons wil doen en so ‘n seën wees vir ander.
Daarvoor gee Hy sy mag en gesag vir ons!

In die Naam van die Vader, Seun en die Heilige Gees.
Amen.

Saamgestel deur Andries Combrink, Centurion-Wes Presby Kerk.
Kontak hom gerus met vrae of terugvoer by info@cpk.co.za